Markmonitor: Die eerste 39 weke van 2022 op varsproduktemarkte

Deur Janó Bezuidenhout en Sibabaliwe Rulumeni, Aartappels SA

Die gemiddelde weeklikse aartappelprys op vars-produktemarkte (VPM'e) was onder druk vanaf week 26 van 2022 en het gevolglik 'n afwaartse tendens begin volg. *Figuur 1* dui die weeklikse gemiddelde prys op alle markte vir alle klasse en groottes aan.

Figuur 1: Weeklikse gemiddelde prys op alle markte.



Styging van slegs 3%

Teen die einde van week 39 is 'n gemiddelde weeklikse prys van R36.49 per 10 kg-sakkie bereik, wat op 'n styging van 3% week-op-week dui. *Figuur 2* dui die daaglikse gemiddelde voorraadvlakke teenoor die daaglikse gemiddelde prys aan. Daar kan duidelik gesien word dat die voorraadvlakke in Julie begin styg het, wat die daaglikse prys onder druk geplaas het.

Figuur 3 dui die gemiddelde voorraadvlakke van elke maand aan teenoor dieselfde maand 'n jaar gelede. Die daaglikse voorraadvlakke het gedurende April begin styg, waar dit 'n gemiddeld van 800 000 sakkies per dag gehandhaaf het. Gedurende Mei het die gemiddelde daaglikse voorraadvlakke terugbeweeg na Januarie se vlakke, waar die gemiddelde voorraad per dag rondom 900 000 sakkies was.

In Junie het die voorraadvlakke teruggesak na ongeveer 800 000 sakkies per dag, maar in Julie het dit weer gestyg na ongeveer 938 000 sakkies per dag. Gedurende Augustus en September het dit nuwe hoogtes bereik met 'n gemiddeld van 1.07 miljoen x 10 kg-sakkies wat op markte beskikbaar was. Die gemiddelde voorraadtendens het die prystendens ondersteun, en die prys het vanaf Julie afwaartse druk ervaar.

Figuur 2: Daaglikse gemiddelde voorraadvlakke teenoor die daaglikse gemiddelde prys (alle groottes en alle klasse).



Gemiddelde verkope daal ná week 39

Gedurende die eerste 39 weke van 2022 het verkope op VPM'e met 4% teenoor 2021 se ooreenstemmende

Figuur 3: Gemiddelde daaglikse voorraadvlakke per maand van 2021 versus 2022.



Figuur 4: Kumulatiewe getal 10 kg-sakkies verkoop op markte tot week 22 van elke jaar.



Figuur 5: Maandelikse verkope op markte vanaf 2019 tot 2021 (alle verpakkings omgeskakel na 10 kg-sakkies).



syfer gestyg, aldus *Figuur 4*. Die gemiddelde prys vir die eerste 39 weke word ook in *Figuur 4* uitgebeeld, waar gesien kan word dat 2022 se gemiddelde prys die tweede hoogste in die afgelope vyf jaar is, maar 12% laer is as die vorige jaar. Verkope op VPM'e is ná die eerste 39 weke van die jaar 1.2 miljoen x 10 kg-sakkies minder as die vyf-jaar gemiddeld.

Figuur 5 illustreer die maandelikse verkope op VPM'e vanaf 2019. Vir die eerste drie maande van 2022 was die verkope elke maand bó die nege miljoen-merk vir 10 kg-sakkies en het dit elke maand effens toegeneem. Gedurende April het verkope egter na 8.8 miljoen x 10 kg-sakkie gedaal. Neem in ag dat daar in April drie openbare vakansiedae was.

Verkope het in Mei effens gestyg, maar steeds onder die nege miljoen-merk gebly. Let egter daarop dat verkope vanaf Februarie onder die vyf-jaar gemiddeld was. Verkope het tydens Junie verder gedaal en was die laagste vir die jaar tot dusver. In Julie het die verkope egter weer die nege miljoenkerf oorsteek, maar was steeds onder die vyf-jaar gemiddeld. Gedurende Augustus en September was verkope steeds bó die nege-miljoen merk en het dit ook die vyf-jaar gemiddeld oorskry.

Markte kon gedurende Augustus en September op gemiddeld 37% van die daaglikse beskikbare voorraad verkoop, wat beteken dat 'n gemiddeld van 63% van die daaglikse beskikbare voorraad na die volgende dag oorgedra word.

Tabel 1 bevat die aantal sakkies wat gedurende die eerste 39 weke van 2022 deur die verskeie markte verkoop is. Die vyf grootste markte gedurende hierdie tydperk was gesamentlik verantwoordelik vir 82% van die land se verkope. Die gemiddelde prys (alle klasse en groottes) vir elke mark verskyn ook in *Tabel 1*.

Top vyf markte

Uit die vyf grootste markte was Johannesburg- en Springs-mark se gemiddelde pryse laer as die land se gemiddelde prys. Johannesburg- en Durban-mark se totale verkope het uit 78.5% Klas 1-sakkies bestaan, die hoogste van die top vyf markte.

Tabel 1: Verkope op VPM'e tot week 39 van 2022.

				% van verkope op VPM'e			
Mark	**Aantal 10 kg-sakkies**	**% van totaal**	**Gem. prys (R/10 kg)**	**Klas 1**	**Klas 2**	**Klas 3 en 4**	**Klas 1 M**
Johannesburg-mark	33 208 019	40.7%	41.25	**79%**	**15%**	**6%**	19%
Tshwane-mark	14 903 704	18.3%	42.1	70%	21%	9%	16%
Durban-mark	7 583 716	9.3%	41.97	78%	15%	8%	25%
Kaapstad-mark	6 825 406	8.4%	45.67	73%	22%	5%	23%
Springs-mark	4 433 903	5.4%	38.58	68%	19%	13%	13%
Klerksdorp-mark	2 533 558	3.1%	38.3	66%	22%	12%	14%
Oos-Londen-mark	2 454 970	3%	44.05	77%	18%	6%	24%
Bloemfontein-mark	2 142 838	2.6%	43.72	61%	27%	12%	17%
Port Elizabeth-mark	1 927 741	2.4%	42.96	70%	20%	9%	24%
Pietermaritzburg-mark	1 838 455	2.3%	38.02	64%	22%	14%	16%
Welkom-mark	1 794 014	2.2%	40.47	58%	23%	19%	12%
Vereeniging-mark	858 798	1.1%	37.55	71%	19%	10%	12%
Witbank-mark	440 779	0.5%	44.71	69%	17%	13%	13%
Nelspruit-mark	277 501	0.3%	45.64	68%	22%	10%	8%
George-mark	276 934	0.3%	46.29	68%	19%	12%	20%
Kimberley-mark	144 124	0.2%	41.83	78%	16%	6%	23%
Kei-mark (Umtata)	13 325	0%	32.46	4%	42%	54%	0%
Totaal	81 657 785	100%	41.71	74%	18%	8%	19%

Vir Johannesburg was die persentasie Klas 1-verkope vir die eerste 39 weke dieselfde as die vorige jaar, terwyl Durban se persentasie Klas 1-verkope met 4% gestyg het.

Figuur 6 dui die jaar-op-jaar-prysverandering aan vir die top vyf markte, wat 'n gemiddelde daling van 12% getoon het. Kaapstad-mark se prys het die kleinste persentasie verlaging getoon en het met 10.4% verlaag. Springs-mark het die grootste prysverlaging getoon.

Die drie grootste streke wat gedurende hierdie tydperk (eerste 39 weke) in die mark was, het 62% van die aartappels op markte verkoop, aldus *Tabel 2*. Uit die top vyf sterke het slegs die Oos-Vrystaat se verkope teenoor die vorige jaar afgeneem (6%). Die Wes-Vrystaat se verkope het met 14% verhoog, die meeste onder die top vyf streke, gevolg deur Noordwes (12%), Limpopo (8%) en die Sandveld (7%).

Die Sandveld, Ceres en Suid-Kaap was die streke wat die hoogste gemiddelde pryse (alle klasse en groottes) vir hierdie tydperk gerealiseer het. *Tabel 2* illustreer ook die persentasiesamestelling van elke streek se Klas 1, 2, 3 en 4 wat gedurende hierdie tydperk

Figuur 6: Jaar-op-jaar-prysverandering van die top vyf markte.



Tabel 2: Verkope op VPM'e per streek tot week 39 van 2022.

				% van verkope op VPM'e			
Streek	**Aantal 10 kg-sakkies**	**% van totaal**	**Gem. prys (R/10 kg)**	**Klas 1**	**Klas 2**	**Klas 3 en 4**	**Klas 1 M**
Wes-Vrystaat	18 376 882	23%	43.47	73%	20%	7%	22%
Oos-Vrystaat	17 435 583	21%	42.52	65%	21%	14%	13%
Limpopo	14 517 788	18%	40.51	82%	14%	4%	19%
Noordwes	6 328 503	8%	41.8	83%	10%	7%	17%
Sandveld	5 326 286	7%	44.37	76%	22%	2%	24%
Suidwes-Vrystaat	4 998 915	6%	37.73	82%	10%	8%	24%
KwaZulu-Natal	3 744 154	5%	41.36	75%	19%	5%	12%
Noord-Kaap	3 717 904	5%	43	57%	24%	19%	16%
Gauteng	2 437 790	3%	35.41	85%	10%	5%	22%
Noordoos-Kaap	1 683 199	2%	40.99	70%	22%	8%	24%
Ander streke	1 197 727	1%	31.44	47%	49%	5%	16%
Mpumalanga	715 801	1%	37.84	73%	20%	7%	15%
Ceres	676 094	0.83%	48.94	64%	22%	15%	23%
Oos-Kaap	357 826	0.44%	39.7	71%	21%	8%	27%
Suidwes-Kaap	94 187	0.12%	42.86	86%	12%	1%	22%
Suid-Kaap	48 879	0.06%	47.64	74%	25%	1%	39%
Totaal	81 657 518	100%	41.71	74%	18%	8%	19%

voorsien is. Vyf van die produksiestreke – naamlik Limpopo, Noordwes, Suidwes-Vrystaat, Gauteng, en Suidwes-Kaap – se persentasie Klas 1-verkope is almal bó 80%.

Wins én verlies in eerste 39 weke

Indien die ses grootste streke se verkope vir 2022 met 2021 vergelyk word, is dit duidelik dat slegs twee streke gedurende die eerste 39 weke minder 10 kg-sakkies verkoop het, en die ander meer as die vorige jaar verkoop het, aldus *Figuur 7*.

Indien ons hierdie top ses streke se gemiddelde prys (alle klasse en groottes) oor die eerste 39 weke jaar-op-jaar vergelyk, is daar drie streke waarvan die gemiddelde prys (alle klasse en groottes) hoër is as die gemiddelde prys van 2021, naamlik die Oos-Vrystaat, Noordwes en Suidwes-Vrystaat.

Uit die top ses streke het Wes-Vrystaat, Limpopo en die Sandveld se gemiddelde prys (alle klasse en groottes) oor die eerste 39 weke van 2022 met 11%, 37% en 14%, onderskeidelik, gedaal teenoor die eerste 39 weke van 2021.

Figuur 7: Aantal 10 kg-sakkies verkoop per streek in die eerste 22 weke van 2021 versus 2022.



	Wes-Vrystaat	Oos-Vrystaat	Limpopo	Noordwes	Sandveld	Suidwes-Vrystaat
2021	16 108 844	18 464 328	13 455 232	5 641 440	4 993 124	6 169 565
2022	18 376 882	17 435 583	14 517 788	6 328 503	5 326 286	4 998 915
Verskil	2 268 038	-1 028 745	1 062 556	687 063	333 162	-1 170 650

Vir meer inligting, kontak Janó Bezuidenhout by jano@potatoes.co.za.